Verwysing: 20180528-2594
12/12/13/4
Navrae: S Howes

Omsendbrief: 0029/2018
Vervaldatum: 31 Desember 2018

Aan: Distriksbeamptes, Opvoeders, Departementshoofde, Prinsipale en Lede van Beheerliggame

Kort opsomming: Kwalifiserende skole in Kaapstad en die Kaapse Skiereiland word uitgenooi om vir Blou Gedenkplate in 2018 aansoek te doen

Onderwerp: Uitnodiging aan skole in Kaapstad en die Kaapse Skiereiland om vir Blou Gedenkplate in 2018 aansoek te doen

1. Algemene inligting oor die 2018 Blou Gedenkplaat-skoleprojek

1.1 Op 24 September 2014 is die Hoërskool Harold Cressy in Kaapstad tot 'n Provinsiale Erfenisgebied kragtens die nuwe Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 (Wet 25 van 1999) verklaar. Dit het die aandag op die waardevolle bydrae wat skole in die vorming van gemeenskappe en erfenisbewaring maak, gefokus.

1.2 Baie skole in die Wes-Kaap het 'n lang geskiedenis en trotse erfenis van onderwysvoorsiening in hulle gemeenskappe. Party van hierdie skole het bekende name, en hulle voortreflikheid het op verskillende wyses onder die aandag van die publiek gekom. Tog het baie ander skole ongemerk in die skaduwee gebly weens ons land se onbillike verlede. Dit geld veral vir die baie sendingskole wat in puik instellings in minderbevoorregte gemeenskappe ontwikkel het. Ons glo dat elke skool tel en dat alle skole erkenning vir hulle bydrae verdien.

1.3 Blou Gedenkplate is 'n internasionaal-herkende simbool van geboue en plekke wat van groot belang in die geskiedenis en erfenis van die plaaslike gebied is. Die Simon

van der Stel-stigting in Kaapstad (hierna as "die Stigting" verwys) het die afgelope 50 jaar 'n
Blou Gedenkplaat-projek bedryf.

1.4 Met die toekenning van 'n Blou Gedenkplaat, gee hierdie projek herkenning en status aan geboue en persele in Kaapstad wat van historiese belange en waarde is. Vir verdere inligting en om te sien hoe Blou Gedenkplate lyk, besoek www.simonvdstel.org.

1.5 Skole was in 'n groot mate oor die hoof gesien en onderverteenwoordig in die toekenning van Blou Gedenkplate, en die Stigting, saam met die Sentrum vir Bewaringsopvoeding (hierna as "die Sentrum" verwys), wil die projek onder die aandag van skole bring en daardie skole wat van mening is dat hulle vir 'n Blou Gedenkplaat kwalifiseer, aanmoedig om aansoek te doen.

1.6 In 2017 is Blou Gedenkplate aan die volgende skole toegeken:

1.6.1 Hoërskool Alexander Sinton (vir die skool se oorlewing in moeilike omstandighede)
1.6.2 Laerskool Kampsbaai (vir 'n argitektonies-noemenswaardige gebou)
1.6.3 Laerskool Dryden Street (vir 'n argitektonies-noemenswaardige gebou)
1.6.4 Laerskool St Paul's (vir die skool se leeftyd – in 1859 gestig)
1.6.5 Laerskool Star of the Sea Convent (vir die bydrae gelewer deur die stigter, vr. John Duignam)

1.7 Ons wil skole aanmoedig om vir 2018 aansoek te doen, en sorgvuldige aandag te gee aan die kategorieë wat in paragraaf 4 opgenoem word.

1.8 Hierdie projek word tans beperk tot skole in die Kaapstadse binnestad en die Kaapse Skiereiland (hoofsaaklik die onderwysdistrikte Metro-Suid en Metro-Sentraal, maar ook dele van Metro-Noord en Metro-Oos). Die rede hiervoor is die voorwaardes van die stigting van die Konservatortrust wat die befondsing vir hierdie projek voorsien en deur die Stigting bestuur word. Omdat die Trust so lank gelede gestig is, funksioneer dit volgens die voormalige munisipale grense. Ons is bewus dat dit skole wat buite hierdie grense val maar andersins sou kwalifiseer, benadeel. Om hierdie situasie te hersien, sal die Blou Gedenkplaat-skoleprojek gedurende 2019 moontlik uitgestel moet word sodat die organiseerders die situasie kan assesseer en hierdie program kan verbeter om meer skole te betrek. Dus is 2018 moontlik die laaste jaar wat hierdie program in sy huidige vorm aangebied sal word, en as u reken dat u skool kwalifiseer, moet u asseblief sonder versuim aansoek doen.

2. Voordele vir skole

2.1 Die ontvangs van 'n Blou Gedenkplaat, mag die volgende voordele vir skole inhou:

2.1.1 Blou Gedenkplate word internasionaal erken as simbole van die erfenisstatus van 'n gebou of perseel.
2.1.2 Blou Gedenkplate is gesaghebbend en slegs 'n beperkte getal sal elke jaar toegeken word, afhangende van beskikbare bronne.
2.1.3 Blou Gedenkplate word aan die voorkant van die skool aangebring as 'n permanente historiese baken om die skakel tussen die skool en 'n aktiwiteit, gebeurtenis of beroemde persoon te gedenk. Dit word prominent vertoon sodat leerders, ouers en besoekers dit kan sien.
2.1.4 Die toekenning van 'n Blou Gedenkplaat verleen erkenning aan die skool vir die bydrae wat dit tot onderwys in die gemeenskap en tot onderwys in die algemeen gemaak het.
2.1.5 Blou Gedenkplate is 'n bron van gemeenskapstrots en prestasie.
2.1.6 Die Blou Gedenkplate is smaakvol ontwerp en uit sterk stof vervaardig.
2.1.7 Saam met die insette en goedkeuring van 'n paneel wat deur die Stigting aangestel is, besluit skole self oor die taal- en bewoording op die gedenkplate.
2.1.8 Skole wat Blou Gedenkplate ontvang, sal op die Stigting se webtuiste aangebring word.

2.2 Die aansoekproses is eenvoudig gehou, sodat dit nie nodig vir skole is om tyd te bestee aan lang en uitvoerige aanbiedings nie.

3. Hoe die Blou Gedenkplaat-skoleprojek werk

3.1 Die gedenkplate is duur om te vervaardig. Die Stigting sal elke jaar **een Blou Gedenkplaat-toekenning aan 'n verdienstelike skool** binne die aangewese gebied **gratis aan die skool** toeken. Skole wat reken dat hulle aan die kriteria voldoen, word uitgenooi om aansoek te doen.

3.2 Maar skole wat in staat is om self vir die Blou Gedenkplate te betaal, word ook uitgenooi om aansoek te doen. Vier skole kan oorweeg word volgens hierdie stelsel in 2018.

3.3 Die koste van 'n Blou Gedenkplaat, insluitende die installering daarvan, is R 1 750,00. Dit mag onderworpe aan verandering wees en suksesvolle skole wat aansoek gedoen het en wat die koste self sal dra, sal vir 100% van die koste gefaktureer word voordat die gedenkplaat bestel word.

3.4 Elke aansoek sal op meriete deur 'n paneel beoordeelaars wat die Stigting en die Sentrum verteenwoordig, oorweeg word. Skole moet aan **ten minste een van die ses kriteria** wat in paragraaf 4 as **kategorieë** opgenoem word, voldoen; hulle moet hulle aansoek motiveer en bronne aandui sodat inligting gestaaf kan word; hulle moet verklaar dat hulle gewillig is om die Blou Gedenkplaat aan die voorkant van hulle gebou ten toon te stel; en hulle moet hulle aansoek teen die vervaldatum voorlê. 'n Aansoekvorm (Bylae A) word aangeheg. **Daar is geen waarborg dat aansoeke suksesvol sal wees nie.**

3.5 Skole sal per e-pos en telefoon in kennis gestel word of daar 'n Blou Gedenkplaat aan hulle toegeken is al dan nie. Dit is volkome na goeddunke van die paneel.

3.6 Skole wat die Blou Gedenkplate ontvang, moet self **'n amptelike oorhandiging en onthullingseremonie organiseer** op 'n datum en tyd wat die skool en die organiseerders pas. Dit moet, indien moontlik, **binne dieselfde kalenderjaar as die toekenning** val. 'n Verteenwoordiger van die Stigting of die Sentrum sal teenwoordig wees indien genooi. Die Blou Gedenkplate sal 'n paar dae voor die gebeurtenis aan die muur vasgeheg word en die installeringskoste sal by die koste van die gedenkplaat ingesluit word.

4. Kategorieë

4.1 Die kategorieë is die volgende:

4.1.1 Die leeftyd van die skool (moet ouer as 125 jaar oud wees om te kwalifiseer)

4.1.2 'n Gebou van argitektoniese belang (bv. welbekende argitek; boustyl; ens.)

4.1.3 Die skool se besondere **uitsonderlike** diens aan die gemeenskap (bv. eerste skool in die gemeenskap, oudste onafhanklike skool, bydrae tot spesiale onderwys, ens.)

4.1.4 Die skool se oorlewing in moeilike omstandighede (bv. die Engelse Oorlog, gedwonge verskuiwings; rol in die stryd om demokrasie, natuurlike rampe, ens.)

4.1.5 'n Voormalige leerder of opvoeder wat naam gemaak het (moet oorlede wees)

4.1.6 Skole wat gesluit is, maar nogtans 'n betekenisvolle rol in die onderwys gespeel het

4.2 Skole mag vind dat hulle vir meer as een kategorie kwalifiseer en kan dit in hulle aansoek onder die hofie, 'Ons motivering …' aandui. **Maar, dit sal nie noodwendig die aansoek bevoordeel nie. Dit sal eintlik beter wees om op EEN kategorie wat die beste by die skool pas, te fokus.**

5. Aansoeke vir 2018

5.1 Die sluitingsdatum vir 2018-voorleggings is **14 Augustus 2018**.

5.2 Gebruik die aansoekvorm (Bylae A) wat voorsien word om aansoeke elektronies per e-pos te rig. Dit moet gestuur word aan: principal@centreforconservation.co.za

5.3 Aansoeke wat per hand afgelewer, gepos is of gefaks word, sal ook aanvaar word, mits hulle voor die sluitingsdatum ontvang word. Hierdie aansoeke moet geadresseer

of afgelewer word aan: **Die Prinsipaal, Sentrum vir Bewaringsopvoeding, Aliwalweg 9, Wynberg, 7800,** of gefaks word aan **(021) 762-8690.**

6. Kontak die prinsipaal van die Sentrum, Sigi Howes, by tel. no. **(021) 762-1622** vir verdere inligting.

7. Bring asseblief die inhoud van hierdie Omsendbrief onder die aandag van skole in u distrik.

GETEKEN: BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2018-07-07

Annexure A

BLUE PLAQUE SCHOOLS PROJECT
2018 APPLICATION FORM

As far as is possible, please complete this form electronically.
Please return it to principal@centreforconservation.co.za
Closing date: 14 August 2018

School: _____

Address: _____

_____

Postal code: _____

Tel: (021) _____ Fax: _____

Email: _____

We hereby wish to apply for a Blue Plaque in the following category:
(Even if more than one category applies to your school, please choose the ONE that best describes what your school is proudest of. You may mention the other category/categories in the motivation. Maximum 400 words)

1. ☐ The age of our school (over 125 years)
2. ☐ Architecturally significant building
3. ☐ School's exceptional service to the community
4. ☐ School's survival under difficult circumstances
5. ☐ Past learner(s)/educator(s) (mentioned by name and no longer be alive)
6. ☐ A school that has closed and been lost

Our motivation is presented over the page.

If we could select the final wording on the plaque, we would like it to say:
(Maximum 25 words)

Our choice of language is:
(please select a maximum of two; if you want to have the plaque in two languages, then the wording limitation of 25 words must include both languages)

☐ English ☐ Afrikaans ☐ Xhosa ☐ Other (please specify:

Should we be successful in being awarded a Blue Plaque, we commit to:
- displaying the Blue Plaque on the front of the building, nearest the entrance;
- allowing the organisers and their workers access to the school in order to affix the plaque;
- arranging a 'handing-over' ceremony at a mutually agreed date;
- taking care, to the best of our abilities, that the Plaque is not damaged, vandalised or stolen.

☐ **We wish to be considered for the annual free Blue Plaque**
☐ **We are able to pay the full cost of the Blue Plaque (R 1 750-00) ourselves**

Name of contact person (please print): Signature:

Name of principal (please print): Signature:

Date:

Our motivation is as follows:

(Maximum 400 words. Please list the sources of this information, as it will have to be verified by the organisers. You may attach a maximum of 5 photographs if you feel they give weight to your application).